HOËRSKOOL
BREDASDORP
HIGH SCHOOL

Nuusbrief
Newsletter
13 | 2026
08 | 04 | 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Di. 12 Mei: ATKV Afrikaanse olimpiade vir seniors
Wo. 13 Mei: Mnr & Mej HSB
Do. 14 Mei: Netbal & Rugby vs Emil Weder SS (Genadend
SA Wiskunde Olimpiade Rondte 2
Sa. 16 Mei: HS De Villiers Graaff Sportdag (tuis)
Netbal Wes-Kaapsone 1 proewe
Hokkie vs HS Stellenbosch (weg)

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

Vry. 15 Mei: Me Eloïse Nel







## AKADEMIE

### GR 12 ONDERWÊRELD

Nie eers die swaar reën wat vandeesweek in die Wes-Kaap uitgesak het, kon 2026 se gr 12 Afrikaanse Huistaal klas keer om in Swellendam na die produksie van hul voorgeskrewe Afrikaanse Roman, Onderwêreld, te gaan kyk nie.

Hulle het die vertoning besonder baie geniet en sal definitief baatvind by die praktiese uitbeelding van verskeie aspekte wat in die boek belangrik is. Hulle was ook beïndruk om verskeie bekende akteurs wat in onder andere *Binnelanders, Diepe Waters, Getroud met Rugby* en *Spoorloos* speel, in aksie op die verhoog te sien.

Dit was lekker om saam met buurskole van Swellendam, Bonnievale en Riviersonderend hierdie besondere produksie te geniet.

Onder: Die entoesiastiese matrieks kon onmoontlik in die stortreëns op Swellendam 'n foto neem, maar het daarop aangedring om in hul eie skoolsaal 'n foto saam met hul Afrikaanse opvoeders, mee Liezel van Schalkwyk en Nuwie van der Walt, te neem.



## ELIM SLAGHUIS BD-FIETSTOER

Drie-en-twintig leerders het aan die **Elim Slaghuis** HSB Fietstoer 2026 deelgeneem. Op Donderdag, 30 April, het die toergroep per bus na Karoowater Gasteplaas buite Calitzdorp, vertrek.

Op Vrydag, 1 Mei, het die groep 42 km na die Rooiberg-kampterrein gery. Die roete het die uitdagende Rooibergpas ingesluit, waar die fietsryers 'n hoogteverskil van 940 m moes klim.

Op Saterdag, 2 Mei, het die groep 78 km na die Dibiki-kampterrein in Riversdal gery. Die fietsryers moes 'n hoogte van 1 000 m oor Garcia's Pass uitklim.

Op Sondag, 3 Mei, het die groep 62 km na die Fleckvieh-kampterrein naby Suurbraak gery. Die fietsryers moes weer 'n klim van 970 m aandurf. Maandagoggend het die groep per bus na 'n plaas net buite Riviersonderend vertrek. Daar het 'n skuur tydelike beskutting gebied, waarna die groep weer op hul fietse geklim het. Hulle het toe die laaste 44 km in die reën tot in Bredasdorp voltooi.

By die skool is die fietsryers hartlik deur hul mede-leerders ontvang. Die groep het onder die nuwe busstoor stilgehou waar mnr Antonie du Toit van die beheerliggaam het die aankoms besonders gemaak deur te sorg vir iets te ete vir die moeë en nat fietsryers.

Hoërskool Bredasdorp wil **Elim Slaghuis** opreg bedank vir hul borgskap van die fietstoer. Bredasdorp is bevoorreg om so 'n uitstekende slaghuis in ons dorp te hê.

Vyf ondersteuningsvoertuie, beman deur ouers, het gehelp om te verseker dat die groep veilig kon toer.

Hoërskool Bredasdorp wil veral vir mnr JP Terblanche (organiseerder), asook Barend en Louise Smit bedank vir hul groot bydrae tot die sukses van die toer. Met hul hulp, asook dié van die ander ouers wat saamgetoer het, was hierdie nie net die grootste fietstoer sedert die eerste een in 2023 nie, maar ook 'n toer wat vir altyd onthou sal word.



Die fietsryers het voorberei deur groepsritte te doen, en selfs 'n paar nagritte (met ligte) is onderneem.

Indien u belangstel om u kind vir die **Elim Slaghuis** HSB Fietstoer 2027 in te skryf, moet u seker maak dat sy/haar naam by mnr Terblanche opgegee word sodat hy/sy so gou moontlik kan begin oefen.

Die fietstoer was nie net 'n merkwaardige prestasie vir al die deelnemers nie, maar bowenal 'n onvergeetlike avontuur.

**MNR & MEJ HSB (13 Mei)**



Tafelkaartjies vir Mnr & Mej HSB is pouses by Ontvangs te koop.

Galerykaartjies is by juf Eloïse Nel te koop.

MNR & MEJ HSB 2026-FINALISTE
Agter vlnr: Marques Wilskut, Janko Rossouw, Jan-Carel Lochner, Dirk Neethling, Alexander Ahrends, Daniël du Toit, Tiaan Scheepers, Kieran Botman
Middel vlnr: Mari-Louise van Niekerk, Joaddan Daniels, Rémy Wessels, Carla Behmer, Nontle Xamlayo
Voor vlnr: Hugo Pretorius, Nicola Brand, Leandri de Villiers, Taygan Jameson, Zani Neethling, Nina Terblanche

SPORT

## ATLETIEK

Ons drie top-atlete, Urlinn Henecke, Khazimla Duti en Gervinnnio Stuart, het die afgelope naweek Wes-Kaap by die Nasionale Skole Atletiekkampioenskappe in Pretoria verteenwoordig.

Ons is baie trots op hierdie vasbyters wie se toewyding en harde oefening vrugte afgewerp het. Baie geluk!

Khazimla het 5de geëindig in die seuns o.15 5000m Stap en Gervinnio Stuart 5de in die seuns o.15 Driesprong. Urlinn het 'n silwermedalje ingepalm in die mans o.19 4x100m aflos.



VLNR: Urlinn Henecke, Khazimla Duti, Gevinnio Stuart

## SKAAK

Vyf BD-skaakspelers het Overberg op 2 en 3 Mei by die Wes-Kaap Kampioenskappe, in George, verteenwoordig. Soos verwag kon word was die kompetisie baie sterk. Alhoewel nie een van ons spelers opgeneem is in die span nie, het hulle baie goed gespeel. Hulle het nuwe betekenis aan die uitdrukking "wenners gee nooit op nie" gegee.



Agter vlnr: Aaron Moyo, Luke Valentine, Gabriel Jonathan
Voor vlnr: Javen Hansen en Michaely Arendse

Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication

KWARTAALTEMA
Wees 'n leier

## ONDERWATERHOKKIE



Hugo Pretorius, gr 11, het verlede naweek die Senior Boland B-span by die SA Seniors OWH Kampioenskappe verteenwoordig. Uitstekende spanwerk en fokus het verseker dat hul 'n goue medalje verower het. Hugo het ook vir die Interprovinsiale SA Senior span deelgeneem. Baie geluk!

## RUGBY

**HSB vs GANSBAAI AKADEMIA (29 April 2026)**



**ARNISTON HOTEL & SPA o.15A**
Wen 68-5

Drieë: Liam Arendse, Hanro Swart, Maans von Wielligh, Eslaam Wilskut, Briaan Bauer, Marcus Temmers, Logan Pfister, Jean Couter (2), Leighton Phillips
Doelskoppe: Leighton Phillips (9)

**ROLA FORD o.16A**
Wen 47-0

Drieë: Blake Edwards (3), Dayton Hartnick (2), Edmund O'Ehley, Gyan Gertse

Doelskoppe: Edmund O'Ehley (5), Janeco Mars

(Die ander uitslae het in die vorige nuusbrief verskyn.)











## JEUGSKOU (1 Mei, Villiersdorp)

Die statiese afdeling van die WP Jeugskou Kampioenskappe het op 1 Mei plaasgevind. Twintig BD's het op uitnodiging aan dié kampioenskappe deelgeneem.. Daar was 'n Skouman-afdeling van die dag en die WP span is bekend gemaak. Vir die leerders om die span te haal, moes hulle 'n geskrewe toets aflê. Hul skoumanpunte is dan saam met hul twee beste skoupunte van die seisoen getel vir die finale punt.

Baie geluk aan die 17 leerders wat opgeneem is in die WP-span. Hulle sal hul slag gedurende die September-vakansie, by Hoërskool Merensky, in Limpopo, wys. Sterkte met die voorbereiding vir die kampioenskappe!

**SKOUMAN VIR DIE DAG-UITSLAE: JEUGSKOU PROEWE VILLIERSDORP**

Perde (Senior): Jessica Flack – 1ste
Konyn (Junior): Gite-Mari Malherbe – 3de
Sierduif (Junior): Mila Kriel – 2de
Pluimvee (Junior): Wilmé Parsons – 5de
Kulinêre Kuns (Junior): Daniëlle van Tonder – 3de
Amber Swart – 6de
Kulinêre Kuns (Senior): Lina Tundezwa – 2de
Lucy Turvey – 3de
Suiwelbereiding (Junior): Kelsi Maree – 3de
Suiwelbereiding (Senior): Leslie-Ann Janse van Rensburg – 1ste
Janco Rossouw – 2de
Bradley Zindonda – 3de
Fotografie kamera (Junior): Zeviola Newman – 1ste
Fotografie kamera (Senior): Jessica Burger – 1ste
Fotografie selfoon (Junior): Candice Leonard – 1ste
Hanju Janse van Rensburg – 2de
Racquelle Cupido – 5de
Jaylinn Carollisen- 4de
Fotografie selfoon (Senior): Christelize Kotze – 1ste
Charmain Strauss – 3de
Luché Fredericks – 4de







**DIE WP-SPAN IS AS VOLG:**

Perde (Senior): Jessica Flack – silwer
Konyn (Junior): Gite-Mari Malherbe – brons
Sierduif (Junior): Mila Kriel - silwer
Pluimvee (Junior): Wilmé Parsons - brons
Kulinêre Kuns (Senior): Lina Tundezwa - silwer
Lucy Turvey - brons
Suiwelbereiding (Junior): Kelsi Maree - brons
Suiwelbereiding (Senior): Leslie-Ann Janse van Rensburg – goud
Janko Rossouw – silwer
Bradley Zindonda – brons
Fotografie kamera (Junior): Zeviola Newman – silwer
Fotografie kamera (Senior): Jessica Burger – brons
Fotografie selfoon (Junior): Candice Leonard – brons
Racquelle Cupido – goud
Fotografie selfoon (Senior): Christelize Kotze – brons
Charmain Strauss – goud
Luché Fredericks - silwer

Hanju Janse van Rensburg van Laerskool Bredasdorp het 'n silwer medalje ontvang in die selfoon fotografie-afdeling vir Juniors en is ook opgeneem in die WP-span. Baie geluk, Hanju!






KWARTAALTEMA
Wees 'n leier

TERM THEME
Be a leader

## KARATE

Tiaan Scheepers (gr 11) en Chloé Jooste (gr 9) het gedurende die vakansie die Wes-Kaap provinsiale karatespan in Gqeberha by die WKUF SA Nasionale Karate Kampioenskappe, verteenwoordig. Tiaan het 'n 9de plek verower in Shobu Sanbon Kumite (16-17 jaar) en 'n 33ste plek in Ippon Kumite (16-17 jaar). Chloé het 7de in Kata (14-17 jaar) en 5de in Shobu Sanbon Kumite (14-15 jaar) geëindig.

Baie geluk! Ons glo dat jul waardevolle ervaring opgedoen en die kompetisie geniet het.



Tiaan Scheepers


Chloé Jooste




## HOKKIE vs CURRO HERMANUS (5 Mei 2026)

**Uitslae**:

Dogters

o.16A wen 2-0. Doele: Ava Brighton (2)

o.18A verloor 1-3. Doel: Emma Neethling

Seuns

o.16A verloor 0-3.

o.18A verloor 1-3. Doel: Caleb Witbooi (Strafdoel/P-flick)

TERM THEME
Be a leader

TERM THEME
Be a leader


o.16A


o.16A


o.18A

**HOCKEY TRIALS**
Congratulations to the following learners who are through to the following round of Boland hockey trials:

u.16 boys: Caleb Witbooi, Darren Temmers, Aaron Moyo
u.14 girls: Zané Daniells, Ruvarase Dasi, Jayme Fortuin
u.16 girls: Farrah Witbooi, Skyla Sefoor, Georgia Salo
U.18 girls: Alcke Kapot, Tarneem Kasira

Baie geluk aan Brent Sinani wat verkies is tot die Boland o18 Streekspan.




Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication




KWARTAALTEMA
Wees 'n leier

EFFICIENT INSURE
ROUX
bp KWIK 'n GO TYRE & FITMENT CENTRE
Kalk Delite
BILTONGLAND BREDASDORP
RENT TO BUY CARS
Yvonne Latsky Physiotherapy
CS Crop Solutions
NETCOM FIBER - WIRELESS - VOIP
POWERED BY OCTOTEL
santam dis nou vryheid
VILLET
ikamva
Diesel 50PPM
AJ TYRES 079 469 1751
VIKING
ELIM slaghuis butchery
THEUNS DE BRUIN KLINIESE SIELKUNDIGE
Intshiba SA CERAMIC & COFFEE SHOP
Langezandt Properties
POSTNET
OVERBERG PRE-OWNED
JANNIE ENGELBRECHT OPTOMETRIST
Gavin's Trattoria - EST 2021 -
Voermol Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien
SUIDPUNT SEKURITEIT
HEUNINGBERG MEDICAL 028 424 1101
Drs Barto Saayman & Johann Latsky
ARRIE NEL PHARMACY GROUP
DK REFRIGERATION & AIRCONS
moov ENERGY
SPUR
NATION MUSHROOMS
Twin D Tours
ANTOINETTE
SRS
STAR SIGNS
packtown
OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT
adelldesigns
JEB CONNECT
AGRIMARK
P & B LIME WORKS
P & B KALKWERKE
PAINTSMITHS
LBF PROKUREURS ATTORNEYS
Harcourts Cape Agulhas
KING CHICKEN MONEY WELL SPENT
ROLA TOYOTA
LMI SKALE / SCALES
InteliGro intelligent crop solutions
ROLA Ford
OJ PLANT HIRE
AFRI-POINT PLUMBING & GAS 078 832 6413
OVERBERG SPECIALITY FOODS
bvsa
CHAS EVERITT INTERNATIONAL PROPERTY GROUP
Bredasdorp Tel: 028 425 1463
OVERBERG SINCE 1918
Build it
Gemini Alu
SUPERSPAR BREDASDORP